Tema: Jy is regtig gelukkig as jy treur en Jesus jou troos.

Lofsang met die oog op die erediens
Sb 1 – 2: 1,3
Lied 213: 1,2.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 30 – 1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 30 – 1: 3,4,8
Geloofsbelydenis.

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eks 20
Sing Ps. 30 -1: 6,7
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Matteus 5: 1 – 12
Teks: Matteus 5: 4
Sing Ps.119 – 2: 19, 22
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 11 – 4: 1,2,3
Seën
Amenlied Sb13 – 2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

ʼn Voorspoedige of gelukkige nuwe jaar vir jou! Dit is hoe ons mekaar aan die begin van elke nuwe jaar groet en vir mekaar goeie dinge toewens. En tog weet ons dat die nuwe jaar onvermydelik ook slegte dinge gaan oplewer ten spyte van ons goeie voornemens en wense! En dan kom die vraag by ʼn mens op: hoe sal ek gelukkig en geseënd wees as daar tog ook slegte dinge met my gaan gebeur?

Hoe wonderlik is dit dan nie om vanmore uit die mond van die ons Here Jesus te hoor: julle is nege keer "makarios", negevoudige gelukkige mense!!!! Makarios is die Griekse woord vir gelukkig of geseënd! Ware geluk en voorspoed lê in Christus en wat Hy jou gee!

Wat ʼn heerlike genade dat ons wat bekommerd of ongelukkig is oor persoonlike omstandighede of dalk oor werksomstandighede of landsomstandighede, dat ons vanmore ʼn makarios, ʼn saligspreking ontvang – nege keer!!. Dat **die Here ons saligspreek! M**et ander woorde: dat Hy sê : julle wat in my glo, julle wat koninkryksburgers is, julle is geluksalig! Julle is die gelukkiges!
Geliefdes – hierdie is nie ʼn oppervlakkige nuwejaarswens nie! Nee Jesus **spreek die geluk van die hemel oor onse uit!** Is dit nie wonderlike, blye nuus nie. Dit is ʼn uitspraak waarmee Jesus ons vanmore verras!

Is dit nie so totaal anders as die slegte nuus waaraan ons so gewoond geraak het nie. Die koerante en TV oorspoel ons met slegte nuus en ons kan so maklik verval in ʼn gewoonte om alles in ʼn negatiewe lig te sien! En hier kom die Here met ʼn makarios: julle is geseënd en gelukkig!!! Dit is baie verrassend!

Brs en srs., hierdie blye boodskap was net so 'n verrassing vir Jesus se dissipels en die skares wat Hom gevolg het. Hulle was gewoond aan die oordeelsprediking van die Fariseërs en ander predikers van hulle kerk. Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het die skares voortdurend uitgetrap omdat hulle nie aan al die vereistes van die wet voldoen nie.

Want die Fariseërs het die mense "werkheiligheid" geleer. "Werkheiligheid" beteken dat jy jou salig vir jouself met goeie werke verdien. Jy moet goeie dinge doen wat gemeet kan word bv. soos die gee van tiendes, dat jy sigbaar moet vas en dat jy sekere gebedsrituele nakom. As jy dit suksesvol – volgens die maatstaf van mense – gedoen het, dan is jy gelukkig – dan sal jy aan die einde gered word. Die geluk volg op jou goeie dade. Jy bewerk vir jouself geluk.

Wat Jesus se boodskap nog verrassender gemaak het is die feit dat die woord "**makarios" in daardie tyd gebruik was vir die geluk van afgestorwenes.** Met ander woorde: mense wat reeds gesterf het en wat as volkome geluksalig gesien is en dat niks weer hulle geluk kan wegneem nie. Hulle is hemels gelukkig.

En hier kom Christus en Hy spreek hulle nou reeds – terwyl hulle lewe - gelukkig. Hy sê: makarios – jy is nou reeds, in hierdie lewe, klaar hemels gelukkig. Omdat hulle in Hom glo **is hulle reeds gelukkig** en sal hulle sekere gesindhede en gedrag openbaar. En**r nog verrassender is die soort gesindhede en gedrag wat**

hulle sal openbaar: afhanklikheid, treur, sagmoedig, honger en dors, barmhartig, rein van hart, vredemakers! Dit is so anders as die wêreldse waardes of gedrag.

En nou kom die Here Jesus met sy verrassende saligspreking en sê vir ons:
Geseënd, gelukkig is die wat treur want hulle sal vertroos word. Kom ek stel dit in 'n persoonlike boodskap vir elkeen van ons: Br en sr en liewe kind: Jy is regtig gelukkig as jy treur en Jesus jou troos!!

Ongelooflik wonderlik: hierdie twee woorde: "geseënd" en "treur" in een sin. Hoe kan dit wees? Hoe kan ons treur en tog waarlik gelukkig wees?

Die eerste vraag wat ons moet beantwoord om te verstaan is: Waaroor moet ons treur?

In die heel eerste plek oor ons eie sonde. Ons moet treur oor die feit dat ons God hartseer maak met ons sonde en dat ons Hom in die steek laat. Paulus raak in Rom. 7 diep bewus van sy sondige toestand. Hy voel hom vasgevang in sy sondige natuur en hy beskryf dit as 'n ellendige toestand. Hy roep om verlossing daarvan. Die Kategismus sê: die eerste wat jy moet ken voor jy getroos kan word; is jou sonde en ellende.

Br en sr, kan ek en jy nog huil oor ons sonde?. Of maak ons ook al soos wêreldse mense wat sonde regverdig. Wat sê dat dit nie so erg is nie. Dat ons nou maar een maal sondig is en dat ons dit so moet aanvaar!
Hierdie boodskap van Christus dat ons moet treur oor ons sonde – skreeu teen die wêreldse denke. In die oë van die wêreld is daar eintlik geen sonde nie. Jy kan doen wat jy wil en niemand kan jou voorskryf nie. **Die wêreldse boodskap is: jy kan doen net wat jou gelukkig maak!**

Geliefdes, mag dit nooit van ons waar word nie! **Ware geluk begin by die besef dat jy jouself nie gelukkig kan maak nie! Hoekom nie? Want ons is inherent sondig! En waar sonde leef is daar ongeluk! En daarom dat ons Here sê: jy moet jou sonde ken en daaroor huil!**

In die tweede plek met ons treur oor die kerk en medegelowiges se sondes. Ons moet treur oor ons as kerk se sonde, gebreke en onvolmaaktheid. Dat ons as bruid ons Bruidegom se liefde nie reg beantwoord nie en dat ons Hom tot skande bring.

Derdens moet ons huil oor die wêreld se sondeverlorenheid. Brs en srs, as ons besef hoe groot ons sonde is, ons wat Christus ken, hoeveel te meer is daar rede tot trane oor 'n wêreld vol mense wat God nie ken nie, wat geen troos ken nie. Het jy al oor verlore mense gehuil? Het hulle sonde jou tot trane gebring?

Ons moet ook treur die gevolge van die sonde in die wêreld. In Rom. 8 lees ons dat ons en die wêreld sug oor die verskriklike gevolge van die sonde. Die dood, siekte, pyn, ellende van armoede, hongersnood, eensaamheid en watter verskriklike dinge ons in die wêreld sien? Bring dit by ons diepe smart dat 'n mensdom as gevolg van die sonde hieraan onderwerp word?

2. Die tweede vraag wat ons moet beantwoord is: wat beteken dit om te treur?

Treur beteken nie om so bietjie ontsteld te wees oor jou sonde en dan later alles weer te vergeet nie. Die woord wat hier gebruik word beteken: Om te huil soos oor ’n geliefde se dood. ’n Intense emosie van verlies, pyn en hartseer – en dit oor my sonde en al die ander waaroor ons hierbo gepraat het.

Om te huil oor ons sonde beteken ten diepste dat ons weet ware geluk lê nie in die mens of hier op aarde nie! Vanweë ons sondegebrokenheid en die stukkendheid van ons bestaan – kan ons nie hier ware geluk vind nie! Die sonde het Adam en Eva die paradys gekos! En voor ons dit nie besef nie – kan ons nie waarlik geseënd of gelukkig lewe en sterwe nie! Ons moet besef dat geluk nie in ons of in ons wêreld te vind is nie. En daaroor moet ons treur – huil en jammer wees!

Die derde vraag wat ons vra is daarom: Wat gebeur dan wanneer ons so treur?

Br en srs, wanneer ons so oor ons sonde en die gevolge daarvan vir onsself en die wêreld treur, d**an kom Christus en die kruis in fokus**. **Dan sien ons sien Christus raak en wat Hy vir ons gedoen het. Dan kom daar by ons die begeerte om by die kruis te gaan staan en vas te gryp aan wat daar gebeur! Want in Christus vind ons ons ware geluk kan vind.**

Dan leer ons om van onsself en die wêreld weg te kyk asof ons ware gelyk hier gaan vind! Geen plesiergewer in hierdie wêreld kan vir jou die geluksaligheid gee, soos ’n gesindheid van treur oor jou sonde dit vir jou kan gee nie. Deur te treur ontvang ons die vreugde en geluk van die verlossing en genade in Christus.

Daar is geen ander manier om dit te ontvang nie. En dit bring groot vreugde in ons lewe. Christus maak jou geseënd! Hy gee jou ware geluk omdat Hy vir ons sonde en die van die hele wêreld betaal het en vir ons hemelse vreugde in ’n stukkende wêreld gebring het! Daarom kan ek bly wees self in teenspoed en ongeluk!

4. Die laaste vraag wat ons wil beantwoord is: Hoe word Christus ons geluksaligheid?

Die antwoord lê in God drie-enig wat aan die mens geluksaligheid gee! Dit is God wat mense waarlik gelukkig maak!

Eerstens: Christus troos ons deurdat Hy vir ons die vreugde van verlossing aan die kruis bewerk het. Dit is die bron van ons geluksaligheid. Deur in Hom te glo en wat Hy vir ons gedoen het – word die hartseer van sonde en gebrokenheid weggeneem en sien ons met vreugde die herstel wat Christus gebring het! Hy kom maak ons sondegebroke wêreld heel! In Hom vind jy nou reeds ewige vreugde en ware geluk!

Tweedens tree die Heilige Gees op tot ons geluk: Daardie daad van Jesus 2000 jaar gelede word nou ’n werklikheid deur God die Trooster: **die Heilige Gees.** Die Heilige Gees gee aan ons geloof sodat ons nou reeds ware vreugde kan vind te

midde van ŉ stukkende wêreld! **Die Heilige Gees maak dat dit wat Christus vir my gedoen het, regtig vir my betekenis kry – elke dag van my lewe! Dis sy werk: Hy is my Trooster.**

Dit is die **Heilige Gees wat my lei om te treur oor my sonde** en die gebroke wêreld en om te weet: in myself gaan ek nie gelyk vind nie en niks in hierdie wêreld kan my ware geluk gee nie. Hy rig my oë op Christus en laat my deel kry aan wat Christus vir my gee.

Die Gees leef in my en Hy gee perspektief in tye van beproewing en nood. Hoe kan ons moed hou deur diep beproewing en nood? Deur die werk van die Gees – Hy hou ons staande! Hoe kry gelowiges dit reg om altyd positief te wees en hulp en krag van God te verwag? Dit is die werk van die Gees! Hy bewerk daardie gees van geloof en krag in jou! Daarom kan ons nou reeds ware geluk beleef!

Dit is die Heilige Gees wat my laat besef dat ek nou deur my geloof in Christus deel is van sy koninkryk waar Hy vir my sorg! Wanneer ek in geloof lewe soos ‘n koninkryksburger – volgens die nuwe waardes wat Jesus ons hier leer – dan hoef ek my nie te bekommer oor my lewe nie! God sal vir my sorg! Dit is sy belofte en daarom bekommer ek my nie oor 2018 nie! Ek fokus op God en Hy sorg vir my!

Derdens is God ons Vader ook in aksie! Hy wat vir ons ŉ ewige vreugde berei het! Die Skrif leer ons: hierdie wêreld waarin ons sonde en gebrokenheid beleef, gaan verby! Eendag wanneer Christus weer kom en ons saam met Hom op die nuwe aarde gaan laat lewe, sal God, die Vader, self ons trane afdroog. Daar sal dit nie meer nodig wees om te treur nie – daar sal ons geluk en vreugde volkome wees!

Ons lees in Open 21: 4: God self sal ons trane afdroog. Brs en sr. dink jou dit in: jy staan voor God, Hy vat sy sakdoek, kom staan by jou en droog al jou trane, oor jou sonde, jou hartseer, jou pyn en alles wat jy hier op aarde beleef het.

Geliefdes, ons is waarlik makarios! Ons is waarlik geluksalig – meer as nege keer se ons teksgedeelte! **Nou reeds en eendag volkome!**

Mag hierdie enkele saligspreking van Jesus in 2018 en elke jaar in my en jou lewe sy volle effek bereik! Dat ek en jy treur oor ons sonde, dat ons daardeur wegkyk van onsself en nie langer probeer om geluk in wêreldse dinge te vind nie – maar deur Jesus in God alleen! En mag Jesus ons troos want dan ons is rêrig gelukkig.

Amen